van die vieringe van Afrika-dag vergader die Parlement op die dag en debatteer hy kwessies wat ingestel is op Afrika se maatskaplke, ekonomiese en politieke uitdagings.

Hier by ons verteenwoordig Afrika-dag 'n geleentheid vir Suid-Afrikaners om opnuut met mekaar in aanraking te kom en om hulle te verbind tot steun aan ingrypings deur die reging ten einde 'n beter Afrika en 'n beter wêreld tot stand te bring. Die herdenking van Afrika-dag plaas die klem om Suid-Afrika se bydraende rol en deelname aan die vasteland se agenda.

## HET JY GEWEET?

- Afrika-dag word in ses (6) lande as 'n openbare vakansiedag gehuldig: Ghana, Mali, Namibië, Zambië, Lesotho en Zimbabwe.
- DIe AU bestaan uit 55 lidlande, nadat Suid-Sudan in 2011 daarby aangesluit het.
- Morokko het in 2017 weer by die AU aangesluit, nadat hy die OEA 33 jaar tevore verlaat het.
- Die AU se hoofkantoor is in Addis Ababa, Etiopië, maar sy wetgenede tak, die Pan-Afrikaanse Parlement, is in Midrand, Suid-Afrika.

Vir verdere inligting oor die dienste wat die Parlement bied, tree in verbinding met die Kantoor vir Openbare Onderrig by 021 403 3341 of e-pos info@parliament.gov.za

Om 'n opvoedkundige begeleide toer van die Parlement te bespreek, skakel:


Kantoor vir Openbare Onderrig – Toere

Tel: (021) 403 2266

Faks: (021) 403 3817

E-posl: tours@parliament.gov.za

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



# Afrika-dag

## WAT IS AFRIKA-DAG?

**Afrika-dag** is die jaarlikse herdenking van die stigting van die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) op 25 Mei 1963. Op daardie geskiedkundige dag het twee-en-dertig (32) Afrika-lande in Addis Ababa, Etiopië, vergader om die organisasie te vorm. Vandag word Afrika-dag in verskeie lande op die Afrika-vasteland asook dwarsoor die wêreld gevier.

Dit is 'n dag waarop Afrika se eenheid, gedeelde geskiedenis en identieit die botoon voer. Afrika-dag bied 'n platform vir die erkenning van die vasteland se prestasies en en ook vir die erkenning van Afrika se kultuur en erfenis.

## AFRIKA-DAG EN DIE AFRIKA-UNIE

Die stigting van die Organisasie vir Eenheid in Afrika het aanleiding gegee tot die ontstaan van die Afrika-unie (AU) in 2002.

Die transformasie van die OEA tot die AU is gemotiveer deur die behoefte om die proses van integrasie te versnel en om Afrika in staat te stel om sy regmatige rol in die globale ekonomie te speel terwyl daar aan sy sosioëkonomiese en politieke probleme aandag geskenk word.



Die Afrika-unie is 'n vastelandwye liggaam wat daarna streef om Afrikane te stuur in die rigting van 'n gemeenskaplike doelwit van eenheid. As deel van sy kernbebedrywigheid is die AU ook betrokke by pogings om onder meer die handhawing van vrede, mediasie en verkiesingsbystand te verwesenlik.

Die ideaal van eenheid word duidelik deur die vlag van die AU, met sy slagspreek: **"A united and strong Africa**", beklemtoon. Daarbenewens simboliseer die groen kleur van die vlag Afrika se hoop en strewe na eenheid.

## DIE HUIDIGE VLAG VAN DIE AFRIKA-UNIE

Afrika-dag word dus aangewend as 'n tyd om te besin oor die uitdagings waarmee Afrika steeds te kampe het en die positiewe doelstellings wat bereik is. Aan hierdie uitdagings is voldoende erkenning gegee deur die AU, vandaar die totstandkoms van die **New Partnership for Africa's Development (NEPAD)**. Hierdie liggaam streef daarna om aandag te gee aan Afrika se ontwikkeling deur die bevordering van die demokrasie, menseregte, aanspreeklikheid, deursigtigheid en deelnemende regeringsbestuur.

Nog 'n onlangse en opmerklike prestasie van die vasteland is die ondertekening van die **African Continental Free Trade Area (ACFTA)**, die grootste vryehandelsooreenkoms sedert die onstaan van die Wêreldhandelsorganisasie. Afrika-leiers het op 21 Maart 2018 die Kigali-verklaring betreffende die totstandkoms van hieridie ooreenkoms by die 10de Buitengewone Spitsberaad van die Vergadering van die Afrika-unie in Kigali, Rwanda onderteken.

Die oogmerk is om 'n enkele mark vir goedere en dienste te skep, met vrye beweging vir handelslui.

Vir die vasteland om 'n gemeenskaplike visie te hê, het die Afrika-unie 'n padkaart met die naam **Agenda 2063** saamgestel ten einde aan Afrika rigting te gee betreffende integrasie, voorspoed en vrede.

## HOE WORD AFRIKA-DAG GEVIER?

Die bedrywighede hieronder kom op die dag voor:

- Bedrywighede wat gerig is op Afrika-kunste en -handwerk, -dans, -digkuns, -musiek en modes
- Debatte oor aktuele kwessies wat die vasteland raak soos xenofobie
- Werkwinkels en uitstallings
- Sportbedrywighede soos sokkerwedstryde.

## AFRIKA-DAG EN DIE PARLEMENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Parlement steun die AU se inisiatiewe ten opsigte van vreedsame ingrypings dwarsoor die vasteland. Ooreenkomstig die Republiek se buitelandse beleid, is die Suid-Afrikaanse Parlement proaktief gemoeid met parlemente van lande waar Suid-Afrika betrokke was by pogings om vrede tot stand te bring.

Die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika neem deel aan etlike Afrika-organisasies, onder meer die wetgewende tak van die AU, die Pan-Afrka Parlement (PAP) en die Parlementêre Forum van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG PF). As deel